KLIMPROGRAM BKSA WORCESTER OKTOBER 2018 – JANUARIE 2019

20-21 OKTOBER **BOSKLOOF, DE WET**

Kamp naby die bek van Boskloof en verken Sondag die kloof verder met dagsakke. Slaapplek is min – bespreek dus vroegtydig. Maklike tot matige stap.
Koste: R10 stapfooi, permitkoste (sal bevestig word) en eie vervoerreëlings
RSVP: 16 Oktober 2018
Skakel asseblief vir Tom Jourdan by 0846073816 of epos madeltom@gmail.com

27-28 OKTOBER **ARANGIESKOP, ROBERTSON**

Die op-roete is ongeveer 10km lank en duur ongeveer 7 ure. Die af-roete is ongeveer 12km lank en duur ongeveer 6 ure. Dit is 'n eenrigting-roete, en effens uitdagend. Hut met 20 beddens by Arangieskop se kruin met elektriese lig. Neem eie kookware, hout en rooster. Maksimum 20 persone.
Koste: R10 stapfooi, R231 verblyf en permit per persoon en eie vervoerreëlings
RSVP: onmiddellik
Skakel asseblief vir Hendrik van Zyl by 0823251230 of epos hendrik3vz@gmail.com

3 NOVEMBER **ALGEMENE JAARVERGADERING**

Die Algemene Jaarvergadering vind plaas by Charlotte Stemmet se huis in Disastraat.
18h00 vir 18h30 stiptelik
RSVP: 29 Oktober 2018
Skakel asseblief vir Erika van Niekerk by 0723429224 of epos erieks@mweb.co.za

10 NOVEMBER **VROLIKHEID NATUURRESERVAAT**

Dagstap saam met Wilfred Pheiffer en die uitreik-groep. Tussen McGregor en Robertson geleë. Maklik.
Koste: Bewaringsfooi R50 vir volwassenes en R30 vir kinders, R10 stapfooi en eie vervoer
RSVP: 5 November 2018
Skakel asseblief vir Wilfred Pheiffer by 0799148901 of epos wpheiffer@bvm.gov.za

16-18 NOVEMBER **MEIRINGSPLATO**

'n Klubstap na Meiringsplato, met die voorneme om op die plato te oornag. Matig tot moeilik. Water moet saamgedra word. Wees voorbereid vir enige weersomstandighede. Maksimum 12 persone.
Koste: R10 stapfooi en eie vervoerreëlings. Indien daar persone is wat wil saamgaan, maar nie tot by die plato nie, en in die hut wil oornag, is die hutkoste ekstra
RSVP: 9 November 2018
Skakel asseblief vir JB van Eeden 0847100139 of epos jbvaneeden@gmail.com

24 NOVEMBER **SHACKLETON, STETTYNS**

Kom stap saam in Stettynskloof en sien waar die wrakstukke van die Avro Shackleton MR.3 op 8 Augustus 1963 neergestort het. Die vliegtuig was verbonde aan die SAAF (South African Air Force) voor haar noodlottige einde. Ons geniet middagete by 'n naby geleë waterval, voordat ons terugkeer na ons motors.

Koste: R10 stapfooi en eie vervoerreëlings

RSVP: 19 November 2018

Skakel asseblief vir Hendrik van Zyl by 0823251230 of epos hendrik3vz@gmail.com

30 NOVEMBER – 2 DESEMBER **5 RIVERS CAMP**

Met die somer op hande, is 'n lekker lang swem oor die Fairy Glen dam ons voorland. Daarna stap ons op in 'n kloof tot by 'n area waar die pioniers van vroeër jare gekamp het, wanneer hulle kom ski het. Blootgestel. Buiteband of lilo werk beste vir die swem.

Koste: R10 stapfooi en eie vervoerreëlings.

RSVP: 23 November 2018

Skakel asseblief vir Gerrit Hugo by 0233404567 of 0720420341

8 DESEMBER **JAAREINDFUNKSIE**

Ons jaareindfunksie is op Rivierplaas. Lede mag reeds vanaf Donderdag 6 Desember kamp @ R50 per persoon vir die hele tydperk. Saterdag neem JB 'n groepie stroomaf met die kano's. Daar is plek vir 10 roeiers @ R50 per persoon. Bespreek asseblief vir die kamp en roei by JB van Eeden 0847100139 of epos jbvaneeden@gmail.com. Die funksie self is 'n lekker informele braai – bring slegs jou eie eetgerei en drinkgoed saam.

Koste: R100 per persoon

RSVP: 30 November 2018

Skakel asseblief vir Helen van Zyl by 0825627184 of epos admin@worcesternissan.co.za

25-27 JANUARIE 2019 **DISA KLIM**

Ons jaarlikse stap na Thomashut om die Disa's te tel en sommer bietjie hut skoon te maak vir die nuwe jaar wat voorlê. Detail word later deurgegee.